**FIETSTOER VIR ONS KERKKANTOOR.**

Een van ons lidmate is ‘n ywerige fietsryer, wat met hierdie idée na vore gekom het om fondse te in vir die bou van ons eie kerkkantoor. Ek en Nigo van Huysteen en een van sy fietsryvriende gaan die langpad aandurf van Vredenburg tot in Danabaai vanaf 8 tot 12 November 2021. Hulle met hulle fietse en ek met die ondersteuningsvoertuig. Ons roete strek vanaf Vredenburg oor Riebeeck kasteel, Worchester, Swellendam, en Riversdal tot waar ons die nuwe kerkkantoor gaan bou. Dit is ‘n afstand van 510 Km.

Ons vra asb. dat julle die fietsryers sal ondersteun wat hierdie poging vir ons aanwend. Deel van die ondersteuning wat ons vra is:

**VOORBIDDING.**

Dat die Here ons op die pad sal bewaar, en elke dag krag sal gee om die roete te voltooi.

**HOU ONS WEBBLAD EN WHATTS APP DOP**

Ek gaan gereeld iets oor ons vordering plaas. Julle kan ook boodskappe van aanmoediging vir die fietsryers stuur.

**BORG PER KM.**

In die kerk se voorportaal sal daar ‘n borgvorm wees. Jy kan self besluit teen hoeveel Sent of Rand per kilometre jy die ryers wil borg. Onthou jou borg tel vir beide ryers. Jy hoef hulle nie afsonderlik te borg nie.

**BORG PER ENKELBEDRAG DONASIE.**

Daar is ook ‘n vorm in die voorportaal waat jy net per enkel borgbedrag vir die fietsryers kan ondersteun.

By voorbaat dankie vir jou ondersteuning van die projek. On swat die pad gaan aandurf sien baie uit daarna om op die manier te kan meehelp tot ons boufonds.